

29 Julie - MEDELYE

Skrifgedeelte: Hebreërs 4:14 – 15:10

Fokusgedeelte: Hebreërs 4:15

Elke gelowige ervaar een of ander tyd swaarkry en smart in die lewe. Dit is in tye soos dié wat ander ons bemoedig deur medelye met ons te hê, simpatie met ons te betuig en te sê: Ek voel saam met jou in jou swaarkry en smart. Maar tog voel mens dat niemand werklik weet en verstaan hoe ek voel nie.

Daar is iemand wat werklik weet en verstaan. Iemand wat werklik met ons medelye het. Die Hebreërskrywer wil ons bemoedig. Jesus is ons Hoëpriester wat met ons medelye het. Waarom?

Hy het met ons swakhede medelye, omdat Hy as mens net soos ons aan versoekinge onderwerp was. As mens het Jesus ervaar wat ons as mense ervaar. Christus was tydens sy hele lewe op aarde aan versoekinge, swaarkry en smart blootgestel. Hy is deur die duiwel versoek. Hy is deur mense verwerp, beledig en vervolg. Hy het in die tuin van Getsemane geworstel met die wil van sy Vader. Hy het helse pyn en smart en bange Godsverlatenheid gely toe Hy uitgeroep het: “*My God, my God, waarom het U My verlaat?*”

Vers 7 gee aan ons ‘n beeld van dit wat Jesus as mens ervaar het: “*Gedurende sy aardse lewe het Hy aan God, wat Hom uit die dood kon red, gebede en smekinge geoffer met harde geroep en met trane.*”

Jesus het met ons swaarkry, smart en swakhede medelye, omdat Hy ook die volmaakte Hoëpriester is. Hy het geen sonde gedoen nie. Daarom kon Hy die volkome offer bring om ons van al ons sondes te verlos. Sy verlossing is volkome. Hy tree vir ons in by die Vader.

Jesus rig aan ons die versoek: “*Kom na my toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed*” (Matt 11:28, 29).

Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang.

Sing: Skrifberyming 18 (17-2):5, 6

Ds AF Berg(Bothaville)